# DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR EN DIE TOEKOMS*

Ek het bietjie 'n onbenydenswaardige taak vanaand, onbenydenswaardig in die sin dat die afspraak met my destyds was dat ek al die referate vooraf sou ontvang, wat my die geleentheid sou gee om hulle deur te werk en daaruit dan uit te suiwer wat gemeenskaplik is, dit wat vir ons betekenis het en dit dan hier saam te vat vir u. Ek het 'n paar van die referate wel in die hande gekry dog eers die middag voordat dit gister begin het. Ek het daardie paar kon deurkyk — dit was drie of vier — verder het ek maar nou hier moes sit en luister na wat aangebied word en nou staan ek voor die onbenydenswaardige taak om vir u daaruit die gemeenskaplike uit te suiwer.

Ek wil nie sê dat ek by magte is om dit te doen nie. Ek wil ook nie verskoning vra vir wat ek vir u gaan gee nie. Ek gee maar net vir u die dinge wat op mý 'n indruk gemaak het en wat vir mý lyk, relevant te wees ten opsigte van my opdrag.

Ek wil dan begin, dames en here, met die opmerking dat hierdie twee dae vir my persoonlik 'n fees van geleerdheid en ervaring was. Een met die ander referaat wat hier aangebied is, het daarvan getuig dat die samesteller werklikwaar 'n studie van elke aspek waarvan gemaak het. Daarby het hulle ook ryklik geput uit hulle ervaring, uit hulle ervaring omdat hulle almal mense is wat lank in daardie bepaalde rigtings staan wat hulle hier aangebied het. Nou kan u die referate deurgaans vat. Van die begin af waar dit gegaan het oor die wese van kultuur, volkskultuur, die beïnvloeding van die moderne tyd daarvan, die verskillende invloede van die politiek, van die kerk, die onderwys, die staat, die kuns, die letterkunde, dwarsdeur die organisatoriese aspekte het hierdie referate deurgaans getuig van groot geleerdheid en ryp ervaring.

Wat het hierdie geleerdheid en ervaring ons nou geleer oor die onderwerp die volkskultuur? In die eerste plek wil ek noem dat ek hieruit wys geword het dat ons volkskultuur 'n bepaalde grondslag het, 'n bepaalde inslag en wel die so be-

* Bandopname van 'n samevatting en enkele persoonlike indrukke.

kende Christelik-nasionale; ons volkskultuur dra by uitnemendheid juis daardie stempel, dat dit Christelik-nasionaal is.

Ek weet dat daar oor hierdie term Christelik-nasionaal uiteenlopende opvattings onder ons Afrikaners is wat dit almal ewe eerlik bedoel en almal ewe ernstig aandag aan gee. As ons die Christelik-nasionale gaan toepas op die volkskultuur dan sal ons presies daar ook 'n verskeidenheid van opvattinge kry by ons Afrikaners, maar ek dink dat ek ook wys geword het uit hierdie voordragte dat dit toelaatbaar is. Ons moet aanvaar dat daar 'n mate van variasie sal wees in daardie volkslektuur soos ons hom sien en soos ons hom behoort te sien.

'n Verdere saak wat my opgeval het ten opsigte van ons volkskultuur is dat ons dit eens is dat dit nooit konstant kan bly nie, dat dit nooit 'n afgedane saak kan wees nie, dat die volkskultuur altyd sal ontwikkel. Indien dit sou stilstaan, sal dit beteken agteruitgang — dit kan nie stilstaan nie maar moet voortskry en in hierdie voorskryding is daar 'n verskeidenheid van faktore wat dit kan beïnvloed. Die vraag ontstaan dan: In hoeverre is daardie invloede toelaatbaar sodat die Afrikaanse volkskultuur nog sy karakter bly behou? Een van die invloede het hier sterk na vore gekom en seker die meeste aandag geniet, en dit is die Engelse hier te lande. Soms het ons in hierdie verband 'n swartgallige toon verneem ten opsigte van die toekoms van ons volkskultuur. Ander kere weer, het ons die optimisme verneem dat die Engelse kultuur dit nie sal oorwoeker nie.

Dit het my opgeval dat niemand in daardie opset gepraat het oor die invloed wat ons volkskultuur alreeds op die Engelse mede-landburgers gehad het nie. Ek dink dit sou 'n openbaring wees as ons kon nagaan hoedanig ons volkskultuur alreeds die Engelssprekendes in ons vaderland beïnvloed het.

Dit is met weemoed gepraat oor die inruiling van sekere volks-kultuureiendomme sodat dit vir ons kunstenaars moeilik geword het om uit die volkskultuur te put op hulle pad van kunsaanbieding en kunsvorming. Dit is wel seker waar maar die omgekeerde is myns insiens ewe waar: dat die kontak met die Engelssprekende ook verrykend gewerk het op ons volkskultuur; daarvan is ek eerlik oortuig.

Maar wat my verder opgeval het is dat nie een van ons

referente gepraat het oor ons skakeling met die Bantoe, die Kleurling en die Indiër t.o.v. ons volkskultuur nie, en hulle het tog elkeen seker ook 'n sterk invloed daarop gehad. Nie net in 'n negatiewe sin nie maar ook in 'n positiewe. Vanselfsprekend is in gebreke gebly om aan te toon hoedanig ons kultuur na vore getree het en die gekleurde volkere in ons land beïnvloed het. Miskien het dit ook nie op die weg van die here gelê om aan te dui hoedanig ons volkskultuur ook buite ons grense gegaan het nie.

Prof. Abel Coetzee het gepraat van die ,vlaktemens' wat die wêreld afgereis het. Dit laat ons 'n gedagte kry waarom die Afrikaanse taal dit so lank in Argentinië kon uithou. Dit moet as gevolg van 'n sterk innerlike krag wees. Hoe het Afrikaans nie ook hier in Afrika bewaar gebly nie. Afrikaans het selfs so 'n vat op Jode in ons land gekry dat iemand later in Palestina op 'n hekkie voor die huis 'n „Pasop vir die hond" raakgeloop het.

Oor ons Afrikaanse Volkskultuur voel ek dus glad nie so pessimisties nie. Dit stap die toekoms manmoedig in en beïnvloed ver buite sy getalleverhouding.

Verder meen ek, moet ons ook uit hierdie referate aflei dat ons volkskultuur sal moet verander op die pad vorentoe. Dit kan nie stilstaan nie en hieroor hoef ons ook nie enigsins bekommerd te wees nie. Daar het al in baie van ons ervaring dinge weggeval waaroor 'n mens soms met heimwee dink, maar dit het gewis nie die kultuur verskraal nie. Dit is maar die gewone gang van sake, net soos die geval met die ontwikkeling van tale is.

Soos 'n taal het ons volkskultuur ontstaan soos prof. Abel Coetzee dit ook mooi aangedui het, uit 'n Westerse agtergrond, uit 'n bepaalde godsdienstige siening met 'n bepaalde taal wat dit gedra het.

W. E. G. Louw het daarop gewys dat dit van die grootste belang is langs watter weg die volkskultuur ontwikkel: of dit deur die slaafse navolging van vreemde elemente geskied dan of dit uit eie krag ontwikkel en dan steeds by die voortskrydende tyd aansluit en voortbou.

Dames en here, ek is vir geen oomblik daarvoor bevrees dat die Engelse kultuur ons kultuur sal oorwoeker nie. Dit is seker nie te veel gesê dat ons kan verwag dat ons iewers in die toekoms hier een volkskultuur wat die blankes betref

sal hê nie. Die oorheersende element hierin sal waarskynlik die Afrikaanse wees as ons die geskiedenis van die Afrikaner en sy taal en sy lewens- en wêreldbeskouing noukeurig betrag: hy met alles van hom is uit hierdie land, taai soos hierdie bodem en natuur self.

'n Volgende saak wat my uit die voordragte opgeval het, gaan oor die verband tussen die volkskultuur en die partypolitiek. Hierby wil ek die kerk en die skool voeg. 'n Enkele woord oor elkeen moet my van die hart.

Daar was 'n tyd in ons geskiedenis wat die partypolitiek so goed georganiseer was dat die gedagte soms uitgespreek is dat die party voldoende is om die volk te lei, ook op die kultuurvlak. Dit is sonder twyfel 'n oorstelling van die funksie van die party in hierdie verband. Dat die politieke party ook volkskultuur bou soos baie ander bedrywighede ly geen twyfel nie, maar dat hy nie die bewaarder daarvan kan wees nie ly ook geen twyfel nie. Ons mag nie hier die party met die staat verwar nie wat wel 'n besondere taak ten opsigte van die volkskultuur het. Dat die staat wel deeglik 'n opdrag het om hierdie kultuur ook te bewaar en uit te bou, nie daarin dat hy die Afrikaanse volkskultuur sal koester ten koste van die Engelssprekende se volkskultuur hier te lande nie, maar dat hy elkeen die ontwikkeling sal gun wat normaalweg op daardie koers sal lê. Die twee kan uiteindelik na mekaar toe groei en die staat moet daardie proses nie in die wiele ry nie. Net so mag die staat ook nie die ontwikkeling in 'n bepaalde koers wil stuur nie want dit is nie hy wat die volkskultuur maak nie, dit is die volk self en die staat moet hom daarin slegs bystaan.

Die posisie van die kerk en die volkskultuur is ook in die referate ten beste gestel. Die kerk en sy lidmate leef saam op alle lewensterreine en daarom kan die volkskultuur nie daarvan los gedink word nie.

Maar die kerk is nie kultuurskepper in die eerste plek nie. Sy taak is om ook die volkskultuur hoog tot die eer van God te laat gedy.

By die skool wil ek enigsins breedvoeriger stilstaan, ook uit die aard van my eie verlede.

Sonder om enigsins afbreek te doen aan die belangrikheid van die staat of die kerk of die gemeenskap of sekere beroepe wat hulle besonderlik vir die kultuurbou gee,

wil ek tog beweer dat die skool 'n besondere taak in hierdie verband het. Met die skool word hier bedoel die hele spektrum: pre-primêr, primêr, sekondêr, tersiêr.

Dit is algemeen bekend in opvoedkundige kringe dat die skool 'n eie funksie in verband met kultuuroordrag en kultuuruitbouing het. Hierdie stelling verdien nadere uitleg.

Die kind beland in die laer skool met 'n magdom van volkskultuurgoedere wat hy in die huis ontvang het, wat hy met sy voedsel ingeneem het, wat sy ouers vir hom voorgeleef het. Hierteenoor mag die skool nie koud staan nie omdat hierdie dinge ten nouste verbind is met die wesenstaak van die laer onderwys as sodanig. Die laerskool gee aan die leerling die gereedskap van die geleerdheid: lees-, skryf- en rekenvermoë. Met hierdie middele bekom hy nie alleen kennis nie maar bemeester hy ook die volkskultuur, word hy interpreteerder van daardie kultuur. Die dinge van die klein gemeenskap wat hy op naïewe wyse ontvang het, word nou op 'n meer georganiseerde wyse oopgemaak in 'n omvangrike gemeenskap. Dit gee aan die laerskool 'n besondere taak t.o.v. die volkskultuur en wel om die kind se eerste skredes te rig op die pad om self te kan bou aan die kultuur van sy volk.

By die middelbare skool vind ons dieselfde verweefdheid van die wesenstaak van die skool met die kultuurtaak daarvan. Hierdie skool moet die leerling inlei in 'n elementêre wetenskaplike sisteem van die kenniswêreld, maar daarmee saam ook 'n wetenskaplik verantwoorde kultuurpatroon. En hierdie twee saam met die lewens- en wêreldbeskouing vorm die volledige voorbereiding van die middelbare skool.

Op die tersiêre vlak staan die student voor die ontsaglike taak van singewing aan die lewe met alles wat daarmee verband hou. En dit bring ons onvermydelik by die wysgerige benadering van wetenskap, kultuur, lewe, letterlik alles. Hier moet hy leer om vir homself rekenskap te gee van alles wat hy tot hier toe op die pad na volwassenheid bygekry het, sodat hy in staat sal wees om op rype vlak mee te doen aan die lewe in sy volheid.

Dit bring my by 'n volgende gedagte wat ek wil aanknoop by 'n opmerking van prof. Abel Coetzee. Hy het die bewuste kultuurbelewer of -maker bestempel as 'n draak. Nou weet ek nie mooi wat hy daarmee bedoel het nie. Miskien wou

hy waak teen opsetlikheid wat op gekunsteldheid of kunsmatigheid of gemaaktheid kan uitloop. Miskien het hy bedoel dat organisasies in verband met kultuursake nie doenlik is nie, 'n standpunt waarvoor daar veel te sê is as ons in aanmerking neem hoe dwars ons mense van organisasies in hierdie verband staan. Eintlik laat ons ons nog net op die kerklike vlak organiseer en op die politieke, lg. ook maar net wanneer 'n verkiesing in sig is.

Indien die kultuurtaak van die skool in al sy geledinge raak gevat en uitgevoer word, sal ons mettertyd 'n geslag kweek wat net so vanselfsprekend op hierdie akker aktief sal wees as op enige ander lewensvlak van die moderne gekultiveerde mens. Die mens as kultuurwese sal dan op 'n natuurlike wyse ingelei word hierin net soos wat hy voorberei word om sy leeftog te verdien. Omdat kultuurbedrywigheid dan vir hom 'n lewensnoodsaaklikheid word, sal hy hom self organiseer in wat onder daardie omstandighede die natuurlike weg sal wees.

En nou 'n laaste opmerking. Dit is verblydend dat die universiteite leerstoele of institute in die lewe roep ter bestudering van die volkskultuur. Dit waarborg 'n wetenskaplike benadering van 'n faset van die lewe en die wetenskap wat dit lankal moes ervaar het. Hiermee sal die voortdurende uitbouing van 'n dinamiese verskynsel bevestig word en sal die regstelling van volkskultuur op die vlak van die skool tot sy reg kan kom. Laat dit duidelik wees dat ek nie hiermee bedoel dat nog 'n vak by die dis van die skool gevoeg moet word nie. Nee, ek wil net sien dat die volkskultuur sy wesentlike plek in al die skool se doen en late moet inneem sodat die mens ook as kultuurwese volkome opgevoed sal word.

P.U. vir C.H.O. H. J. J. Bingle